

**23 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 107:21-43  
Fokusgedeelte: Psalm 107:22,32**

**Getuig vandag van God se hulp**

Helder en duidelik word dit in ons Skrifgedeelte beskryf hoe mense in skepe soms met storms op see worstel (vers 23-30). Dis asof jy die prentjie so duidelik in jou gedagtes sien. Ons lewe is ook soms soos `n groot storm. Donker wolke, stormwinde en hoë golwe tref ons. Swaarkry en beproewing is so dikwels soos storms deel van ons lewe.

Die Here bring uitkoms in tye van swaarkry en beproewing. Dis asof dor woestyntyte in jou lewe na tye van reën en fonteine verander. Sien ons die Here en sy werk raak wanneer dit gebeur? Of aanvaar ons soms dat dit maar bloot natuurlike prosesse is – na swaarkry sal dit tog weer beter gaan.

Sien die Here se uitkoms opnuut in jou lewe raak. Daar is weer kalmte en vrede in jou huis na `n tyd van twis en spanning. Jy het, na `n dor woestyntyd van werkloosheid, weer werk gekry. Jy het genesing ontvang na `n ernstige siekte. Jy kan weer lag en bly wees na die donker onweerswolke van depressie. Jou besigheid doen weer goed na `n tyd van finansiële druk. Jou geestelike lewe bloei en groei weer na `n dor tyd van stilstand of agteruitgang.

Kyk met wysheid na die Here se hulp in jou lewe en doen daarmee wat Psalm 107 vir jou vra. Vertel van God se hulp in jou lewe. Moenie bang wees om te praat oor God se uitkoms nie. Bid dat die Heilige Gees jou sal lei om met oortuiging te getuig van God se hulp in jou lewe.

*Sing: Psalm 66:7*

*Ds L du P van der Vyver (Silverton)*